

Maandag

Luk. 1: 30 -35; 1 Kor. 7: 12 – 14; Kol.1: 21; 10 – 14. Direkte Afrikaanse Vertaling (DAV) Teks Luk.1: 35 "Daarom sal die kind wat gebore word heilig genoem word, die Seun van God" en 1 Kor.7:14 "anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig." Tema: Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy gelowiges se kinders as heilige babas gebore kan laat word. Ons doop babas van gelowige ouers omdat hulle heilig is. Die Here self sorg dat gelowige ouers se babas as heilige babas gebore word, net soos die Here self 'n heilige babatjie was. Die verskil tussen die doop van BABAS van gelowiges en die doop van BEKEERDE GROOTMENSE gaan oor die verskil in die geloof in die maagdelike geboorte van die Here. Dit waaroor die kerk van die Here en geestelikes werklik met mekaar verskil in die doop as teken, is die betekenis van die maagdelike geboorte van Christus! Wat Christus se maagdelike geboorte vir babas beteken, is helder en duidelik sigbaar in twee verse, die vers wat ons wys as wat se babatjie is Jesus SELF gebore (Lukas 1:35) en die vers wat vir ons wys hoe Christus ons babas gebore laat word (1 Kor 7:14). Lukas 1:35 wys as hoe 'n babatjie is Jesus gebore uit die maagd Maria. Die engele self kondig dit onbetwisbaar aan: "Daarom sal die kind wat gebore word, HEILIG genoem word, die seun van God." Jesus is as 'n heilige babatjie gebore uit die maagd Maria. In 1 Korintiërs 7: 14 sien ons hoe het Jesus gesorg dat babas wat ons as gelowige ouers verwek, gebore word. Hulle word nie onrein gebore nie. Hulle word net soos Jesus as babatjies heilig gebore! En dit is iets wat Jesus Christus laat gebeur: Hy wat self heilig gebore is uit die maagd Maria, héilig babatjies, om net so heilig soos Hy gebore te word. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Luk. 1: 30 -35; 1 Kor. 7: 12 – 14; Kol.1: 21; 10 – 14. Direkte Afrikaanse Vertaling (DAV) Teks Luk.1: 35 "Daarom sal die kind wat gebore word heilig genoem word, die Seun van God" en 1 Kor.7:14 "anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig." Tema: " Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word." 1 Kor. 7:14 wys vir ons daar is babas wat onrein gebore word en babas wat heilig gebore word. Ons kan dit toelig met die kleinhasievoorbeeld! Wanneer 'n seuntjie in die veld gaan loop, en 'n klein hasie optel wat nog net so een of twee dae oud is, wie se oortjies so plat teen sy lyfie druk en sy neusie so vinnig op en af gaan van bangheid, en die seuntjie kom by sy ma en vra of hy hierdie klein hasie net vir so klein rukkie in die huis kan hou, voor hy nog enige iets verkeerds kan doen, dan moet sy "ja" sê, want dit is 'n klein hasie. As dieselfde seuntjie die volgende dag in die veld 'n klein swartmambaslang babatjie optel, wie so klein is dat jy amper nie sy koppie kan sien nie, en sy klein tongetjie bewe sommer so van bangheid, en hy vra sy ma of hy hom nie net 'n klein rukkie in die huis kan hou nie, voor hy nog iets verkeerds kan doen, gaan dieselfde ma nou beslis "nee" sê. Die klein hasie mag bietjie in die huis wees, maar nie die klein swartmambatjie

nie. Klein maak nie vir haar saak nie. Dit is of dit 'n hasie of 'n slangetjie is wat saak maak. Sy laat nie slange in haar huis toe nie, want hulle is slange. 1 Kor.7: 14 sê dat as babatjies se ouers al twee ongelowiges is, mense is wat nie aan die Here Jesus behoort nie, is hulle onrein. Hierdie woord "onrein" beteken nie dat hulle al enige sonde gedoen het nie. Dit beteken dat hulle 'n sondige geaardheid het. Dit beteken hulle is as klein slangetjies gebore. Elke baba wat gebore word buite Christus, is onrein, is 'n slangetjie, maar elke baba wat in Christus gebore word, is heilig, is 'n hasie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Luk. 1: 30 -35; 1 Kor. 7: 12 – 14; Kol.1: 21; 10 – 14. Direkte Afrikaanse Vertaling (DAV) Teks Luk.1: 35 Daarom sal die kind wat gebore word heilig genoem word, die Seun van God" en 1 Kor.7:14 "anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig." Tema: "Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word." Christus is op 'n baie ander manier as gewone babas gebore sodat Hy nie 'n onrein nie maar 'n heilige babatjie was! Hy is ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. Dit beteken God het Jesus deur sy goddelike krag uit Maria 'n babatjie gemaak, sonder dat Hy 'n pa gehad het. So was Christus nog steeds 'n gewone babatjie soos enige ander babatjie gewees, met dié een groot verskil: Hy is gebore as 'n hasie en nie as 'n slangetjie nie. Dit is wat die woord "heilig" beteken. Hy is nie as 'n klein swartmambatjie gebore nie. Christus is op hierdie wyse gebore sodat Hy as die Seun van God kan sorg dat Hy mense kan verander van swartmambas na hasies! Hy maak sondaars net so heling soos Hy! Kol. 1: 21, 22: "Ook julle was voorheen van Hom vervreem, ja vyandiggesind teenoor Hom op grond van julle slegte daade, maar nou het Hy julle deur sy liggaam met homself versoen, sodat Hy deur sy dood julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel." Christus maak slangetjie hasies deur mense in te sluit in wie Hy as mens in die hemel vandag is: deur ons in te sluit in sy KRUISIGING, wis Hy alle aanklagte teen ons uit, (2:14), deur ons in te sluit in sy BEGRAFNIS, sny Hy ons geaardheid om slange te wees weg (2:11) en deur ons in te sluit in sy OPSTANDING uit die dood, skep Hy in ons 'n nuwe hasie-geaardheid. Só verander Hy jou van 'n slang na 'n hasie: Hy maak dat jy ook net soos Hy heilig, sonder foute en onberispelik vir God is, al sukkel jy nog met sonde. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Luk. 1: 30 -35; 1 Kor. 7: 12 – 14; Kol.1: 21; 10 – 14. Direkte Afrikaanse Vertaling (DAV) Teks Luk.1: 35 Daarom sal die kind wat gebore word heilig genoem word, die Seun van God" en 1 Kor.7:14 "anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig." Tema: "Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word." Wat die Here vir gelowige grootmense doen, doen Hy vir hulle babatjies ook! Dit is wat 1 Kor. 7: 14 ons wys deur gelowiges se babas heilig te noem! Ons kan Kolossense 1: 22 lees as 'n teks wat die Here vir grootmense doen: Jesus is heilig, maar sterf die dood van 'n onheilige mens, om ons

grootmense heilig, foutloos en onberispelik te maak, mense wat se sondige aard weggesny is! Maar kyk nou wat stel Paulus in 1 Kor. 7: 14: "anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig." Die Here maak óók die kinders van die grootmense wat Hy heilig maak, heilig, sonder foute en onberispelik. Dit is glad nie so dat die Here grootmense heilig, foutloos en onberispelik maak, maar kinders net seën, 'n drukkier gee of een of ander minderwaardige troosprys gee nie. Christus maak kinders net so heilig soos grootmense. En daar is net een manier waarop babas heilig kan wees, deur ingesluit te wees en te deel by wie Christus as 'n babatjie was, en wie Hy as mens vandag in die hemel is - nes hul ouers wat grootmense is. Daarom doop ons babas van gelowige ouers met water. Want die doop wys hulle ís heilig. Jesus het met sy mag as Seun van God, hulle as heilige babas gebore laat word, net soos die Here self as 'n heilige baba gebore was. Dit het die Here gedoen deur hulle in te sluit in wie Hy is en hulle sondige aard weg te sny. Christus laat ons kinders as hasies gebore word, nes Hyself gebore was. Hulle word nie as swartmambabatjies gebore nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Luk. 1: 30 -35; 1 Kor. 7: 12 – 14; Kol.1: 21; 10 – 14. Luk.1: 35 "Daarom sal die kind wat gebore word heilig genoem word, die Seun van God" en 1 Kor.7:14"anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig." Tema: "Christus is as 'n heilige baba gebore sodat Hy ons kinders as heilige babas gebore kan laat word." Daar is regtig geestelike predikers, ooms en tannies wat baie kwaad is wanneer ons babas doop om te wys hulle is net so heilig gebore soos Jesus heilig gebore is. Hulle sê babas is nie hasies nie. Hulle is 'n klein swartmambatjies! Hulle sê dat babas is nog nie wedergebore nie. Wanneer 'n mens nie wedergebore is nie beteken dit die Here het nog nie daardie sondige geaardheid wat jou 'n slang maak, weggesny nie. Die rede hoekom hulle glo kinders is slange is omdat hierdie geestelikes nie die Here se hasies wil wees nie. Hulle wil groot en magtige leëus wees. Hulle haat Jesus wat as 'n hasie gebore is uit die maagd Maria. Daarom maak hulle sommer 'n heeltemal simpel geboorte op, wat nie regtig 'n geboorte is nie, maar sommer net 'n grootpraatstorie is: hulle maak asof God in mense gebore word. Hulle maak die storie op dat Jesus 'n mens geword het sodat God met al sy goddelike krag en mag binne in mense gebore kan word. Daarom wil hulle gedoop word om te wys hulle is vol van God krag soos 'n leeu en nie heilig en onskuldig soos 'n hasie nie. Maar Jesus is gebore uit die maagd Maria om 'n heilige babatjie te wees, foutloos en onberispelik in sy liefde vir God. Hy is as 'n hasie gebore, om mense ook heilige, foutlose en onberispelike mense te maak: gelowige groot mense en hul babas! Jesus is nie as 'n leeu gebore nie. Ons babas is babas van God die Vader, ingesluit in Jesus Christus! Ingedoop in Jesus Christus as Here! Hulle is hasies, nie slange of leëus nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.